

Toetrede

Liturgie van die Lig

lieuwe god wat naby ons wil woon,
ek het so lank van jou vergeet
in hierdie plat land waar alles keurig
middelmattig en georden is.

toe , gister het 'n hond my op my rug
in my gesig geleek, my oopgelek. Vergewe
my dat ek so lanklaas iets van my
laat hoor het, maar dit was nes asof
jy weggeraak het soos 'n droom

kom erken dit nou maar: jy weet
dis moeilik om aan jou vat te kry.
was dit ons wat slim geraak het, god
of was dit jy wat self toe jy sien
hoe dinge loop, skééfloop, jouself tot
hierdie alledaagse leegheid omgetoor het?
hoe was dit toe die mense nog kon
sien hoe lyk jou oë hoe klink jou praat
toe jy lang ente saamgestap het
teen die aand en afgebuk het om
om 'n blom te troos ons stilgemaak
het as die nagtegaal of padda roep?

weet jy dat ek soms regtig (regtig – regtig)
twyfel daaraan dat jy bestaan? Ek bedoel:
as iets wat mens kan kén; as iemand om mee
pyp te stop en skemer oor die dag
se dinge te sit en koffie op die stoep.
kyk, alles wat ek ken maak skaduwee
en alles het refleksie in 'n spieël, behalwe god.
kan jy verstaan dat dit soms moeilik is
om vat te kry?

en dan kom dae soos gister as 'n hond
my ore lek en ek die vet grashalms
uit my neus moet lag.
dán weet ek alles is jou skaduwee
in alles word daar iets van jou weerspieël:
soms sien ek jou in iemand se stil gesig
voel hoe jy aan my arm raak my vang
as ek wil val en hoor jou praat as almal
om my slaap, intiem en sag
soos mens met liefde maak.

*Fanie Olivier (Nederland)
Skimmellig*

Woorddiens

Lesing 1: Eksodus 17:1-7 (1953)

¹ DAAROP het die hele vergadering van die kinders van Israel, volgens die bevel van die HERE, van plek tot plek uit die woestyn Sin getrek en laer opgeslaan in Ráfidim. En daar was geen water vir die volk om te drink nie.

² Toe twis die volk met Moses en sê: Gee julle vir ons water om te drink. Maar Moses antwoord hulle: Wat twis julle met my? Waarom versoek julle die HERE?

³ Maar die volk het daar gesmag na water, en die volk het teen Moses gemurmureer en gesê: Waarom het u ons dan uit Egipte laat optrek om my en my kinders en my vee van dors te laat omkom?

⁴ Toe het Moses die HERE aangeroop en gesê: Wat moet ek met hierdie volk doen? Dit skeel maar min of hulle stenig my.

⁵ En die HERE het Moses geantwoord: Trek voor die volk uit, en neem van die oudstes van Israel met jou saam; en neem jou staf waarmee jy die Nyl geslaan het, in jou hand en gaan weg.

⁶ Kyk, Ek sal daar voor jou by die rots op Horeb staan; dan moet jy die rots slaan, en daar sal water uit kom, dat die volk kan drink. En Moses het so gedoen voor die oë van die oudstes van Israel

⁷ en die plek Massa en Mériba genoem vanweë die twis van die kinders van Israel en omdat hulle die HERE versoek het deur te sê: Is die HERE in ons midde of nie?

Lesing 2: Matteus 21:23-32 (1953)

²³ EN toe Hy in die tempel gegaan het, kom die owerpriesters en die ouderlinge van die volk na Hom terwyl Hy besig was om te leer, en hulle sê: Deur watter gesag doen U hierdie dinge, en wie het U hierdie gesag gegee?

²⁴ En Jesus antwoord en sê vir hulle: Ek sal julle ook een ding vra, en as julle dit vir My sê, sal Ek julle ook vertel deur watter gesag Ek hierdie dinge doen.

²⁵ Die doop van Johannes, waar was dit vandaan, uit die hemel of uit mense? En hulle het by hulleself geredeneer en gesê: As ons sê: Uit die hemel — dan sal Hy ons vra: Waarom het julle hom dan nie geglo nie?

²⁶ En as ons sê: Uit mense — dan moet ons oppas vir die menigte, want almal hou Johannes vir 'n profeet.

²⁷ Toe antwoord hulle Jesus en sê: Ons weet nie. Hy sê toe ook vir hulle: Dan vertel Ek julle ook nie deur watter gesag Ek hierdie dinge doen nie.

²⁸ MAAR wat dink julle? 'n Man het twee kinders gehad, en hy gaan na die eerste en sê: Kind, gaan werk vandag in my wingerd.

²⁹ En hy antwoord en sê: Ek wil nie; maar later het hy berou gekry en gegaan.

³⁰ Toe het hy na die tweede gegaan en vir hom net so gesê; en hy antwoord en sê: Ja, heer. En hy het nie gegaan nie.

³¹ Wie van die twee het die wil van die vader gedoen? Hulle antwoord Hom: Die eerste. Jesus sê vir hulle: Voorwaar Ek sê vir julle, die tollenaars en die hoere gaan julle voor in die koninkryk van God.

³² Want Johannes het na julle gekom in die weg van geregtigheid, en julle het hom nie geglo nie; maar die tollenaars en die hoere het hom geglo. En julle het dit gesien en tog nie later berou gekry om hom te glo nie.

Broodjies vir die Pad

God is mystery - the nameless One I cannot grasp or comprehend. Sometimes that mystery seems never-ending, and no matter how I try to penetrate it, I am left simply in a kind of dark unknowing. This may be so, even though I find myself still drawn to long for God, to desire what is totally beyond me, and say 'you' in the face of the ever-greater mystery. That chasm, that abyss, between me and the One to whom I am drawn, is perhaps expressed best in the words the prophet heard, 'For my thoughts are not your thoughts, my ways not your ways - it is the Lord who speaks. Yes, the heavens are as high above earth as my ways are above your ways, my thoughts above your thoughts' (Isaiah 55:8-9).

And yet, despite that great distancing, there is, most wonderfully, the greatest nearness - God close to me, approaching me in the person of Jesus, and entering into the house of my heart. For what is ungraspable and utter mystery is also coming close in Christ, speaking my name, whispering wordless words of truth and love into my being. I have said 'you' into the darkness, because already I have been approached and addressed myself as 'you'. Within the deepest mystery, there is a meeting, an encounter, a conversation, a prayer. As Saint Augustine wrote, 'God is nearer to me than I am to myself, more intimate to me than my inmost being'.

Lord Jesus, the darkness I experience is not darkness at all, but the light of your coming close to me. Let me therefore, in my prayer, realise how you never leave me, but are with me, in faithful love. (SacredS)

Brood vir die Pad

Volg goggalop na nuwe kyk

deur Wilhelm Jordaan

Op TV was daar 'n advertensie wat wys hoe 'n man vroegoggend op die kant van sy bed sit. En nes hy wil opstaan, hoor jy die moeë en trae knorgeluid van 'n motor waarvan die battery pap is.

Die man bly sit en kry nie opgestaan nie - totdat hy die geadverteerde energiedrankie drink. Dan is hy die ene lewe.

Vir baie mense is die aanbreek van die lente 'n energiedrankie - 'n natuurgegewe opkikker wat bevestig al die veld is vrolik; met hier galop 'n goggatjie en daarso dans 'n mier! Blom, blaar, boom en spriet se gene het die tekens gelees en elkeen laat eiesoortig die lente ontvou.

Wat in die lente gebeur, help ons om met nuwe oë na bekende dinge te kyk en, saam daarmee, nuut te maak wat afgeleef en vervelig geraak het.

Nuut kyk kom egter nie vanself nie. In Sarah Winman se roman *When God was a Rabbit* vertel die karakter Elly hoe sy moes leer om nuut na alles te kyk en subtiële verandering raak te sien:

"Whenever I declared I was bored, he would march me down to the water's edge and make me describe all I could see in tones of enthusiasm and wonder, until my body again reverberated with the excitement of life."

Hoe dan is 'n nuutkyker - van nader gesien?

'n Nuutkyker besit 'n soort kinderlik naïewe wysheid om die dinge van die wêreld te sien soos dit is en nie soos

dit vervorm geraak het deur vooropgestelde opvattinge nie.

Daarom sien die nuutkyker, soos die kind in die sprokie, die keiser se naaktheid raak, terwyl ander - omdat hulle so voorgesê is of hulself dit wysgemaak het - na asem snak oor die keiser se pragtige klere.

N.P. Van Wyk Louw het dit goed begryp toe hy geskryf het oor die mens wat die begeerte het om die werklikheid vir die eerste keer, of opnuut, met skoon en helder oë te aanskou: "Verlos ons van die -ismes, Heer / Dan sien ons dalk U wêreld weer."

Dit is die soort mens wat hy beskryf het as 'n naïewe skerpsinnige, 'n geleerde primitief; 'n mens wat al die eeue ken en tog kan la-la soos 'n babatjie.

Om egter so verlos te wees van die las van vaste indrukke oor dinge en mense vereis selfsloping en -stroping. Want ons koppe is tot boordens toe gevul met teorieë en opvattinge waardeur ons reken ons begryp volledig. Ons het aldus niks om te leer nie en beleef onself as alkundig en deskundig oor alles.

Daar is dus niks nuuts onder die son nie.

Nuutkykers kry dit reg om die betekenis van die woorde "nuut" en "nuwe" tot herbelewenis te bring. Ons is geneig om dié woorde se betekenis te verskraal of te beperk tot verbruiksgoedere wat met geld gekoop en waarmee gespog kan word.

Soos 'n nuwe motor, 'n nuwe huis, 'n nuwe plekkie by die see, nuwe ditte en datte, ensovoorts.

Die woordeboek praat egter 'n bietjie anders oor "nuut": om dinge raak te sien wat nie vroeër gesien is nie; in gebruik te neem wat nog nie in gebruik is nie.

Pas dit wyd toe en daar is opwindende moontlikhede. As jy byvoorbeeld sou vra:

Wat in my verhoudingslewe is nie vroeër gesien nie en wag om gesien te word?

Wat in my werk wag op ontdekking sodat dit wat nie nou gesien word nie sigbaar kan word?

Hoe kan ek maak om sintuiglike rykdom te beleef - dat sien, hoor, ruik, proe en aanraak verruklik saamhang?

Vrolike veld, gogga se galop en mier se dans is die natuur se lentemanier om ons die weg na nuwe moontlikhede te wys.

Wegsending

Liefdegawes

Gebed

Doof van die Kerse

Seën

wynandnel@iafrica.com

082 901 5877